# GrysWys/GrayMatter

**Noordwes-SAGES Nuusbrief/North West SAGES Newsletter**

**APRIL 2026**



# Boodskap van die Voorsitter

SAGES LEDE

Die Bestuurskomitee aanvaar elke jaar op die Algemene Jaarvergadering om `n Bevoegde Bestuurspan te wees wat NOORDWES SAGES se belange eerste sal stel.

Daarmee saam is DEURSUGTIGHEID van deurslaggewende belang. Die Bestuurskomitee se kommunikasie met die NASIONALE BESTUURSKOMITEE sowel as die lede van Noordwes SAGES is vir ons baie belangrik. Lede word gereeld aangemoedig om die Kommunikasiemiddele, nl. Epos, Whats App, Telefoon en Gryswys tot die beste te benut en op hoogte te bly van wat in NW SAGES aangaan.

Over the years, the Management Committee has received many complaints, but also positive comments. Each of these complaints has been discussed in detail and the involved player`s has been contacted to hear their side of the story. The Management Committee realises that sometimes it is very personal and that players will feel unhappy, but we must investigate complaints and satisfy ourselves as to what the reason for such a complaint is. Next time you might be on the other side of the line. It is not our intention to play cop, nor to play games.

The Management Committee`s point of view is to try to keep everyone happy. (which is humanly impossible) Thank you for the positive comments to keep us on our toes.

The handicap system in golf helps each player to play within their ability and still compete against better players. Daarom vra ek elkeen om die Algemene Jaarvergadering se besluit (versoek) om voor elke maandspel `n rondte oop te maak en direk na die dag se spel die korrekte telling in te lees, te eerbiedig.
This makes it easier for the responsible person, Jimmy Hugh, to do his job. This way, many inconveniences can be avoided. Many thanks to everyone who faithfully followed the correct procedure.

Met die meeste Intertak kompetisies nou agter die rug, kan ons fokus op ons maandspeel dae en lekker saam kuier en die samesyn geniet. Met die brandstof prys wat die hoogte inskiet, vertrou ek dat ons steed goeie opkomste sal hê. Ry asb saam, waar moontlik, maar moenie net wegbly nie. Baie dankie.

Groete. Daantjie.

## SENTRALE STREEKKAMPIOENSKAP – BLOEMFONTEIN

Die Streekkampioenskap het gekom en gegaan. Van ons Beterbal pare het goed gevaar, maar ons kon nie die trofee verower nie. Dit is nie maklik om spanne saam te stel vir so `n tipe kompetisie (2 Beterbal pare se totale beterbal tellings tel) nie. Kies ek spelers wat die afgelope tyd goed gedoen het in die maandspel kompetisies, of kies ek spelers saam wat gemaklik met mekaar is en mekaar kan aanspoor. No one knows what swing you`l bring to the course. Weereens baie dankie vir die spelers wat die opoffering gemaak het.

### Uitslag van die Span kompetisie

| | |
|---|---|
| Vrystaat | 166 punte (Trofee wenners) |
| Noord Vrystaat | 164 punte |
| Vaalrivier | 163 punte |
| Noordwes | 161 punte |

So het die spelers van Noordwes gevaar.

| Player | Team | Surname | Name | Dag 1 | Dag 2 | Totaal | Span totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 | A | Swartz | Ockie | 37 | 38 | 75 | |
| 2 | A | Le Roux | Steven | | | | **149** |
| 3 | A | Fourie | Marius | 37 | 37 | 74 | |
| 4 | A | Botha | Mario | | | | |
| 1 | B | du Preez | Kobus | 32 | 40 | 72 | |
| 2 | B | Brand | Izak | | | | **145** |
| 3 | B | Maree | David | 36 | 37 | 73 | |
| 4 | B | Hansen | Dieter | | | | |
| 1 | C | Snyman | Dirk | **44** | 36 | 80 | |
| 2 | C | Strydom | Hernes | | | | **161** |
| 3 | C | van den Heever | Nico | 40 | 41 | 81 | |
| 4 | C | Morelli | Luigi | | | | |
| 1 | D | van Rooyen | Anton | 37 | 30 | 67 | |
| 2 | D | Britz | Johan | | | | **146** |
| 3 | D | van Heerden | Goggie | 38 | 41 | 79 | |
| 4 | D | van Heerden | Nina | | | | |

*Dirk en Hernes het Maandag 2de gekom in die Beterbal kompetisie.

Baie dankie vir elkeen van die lede wat in Bloemfontein gaan deelneem het. Julle opoffering word waardeer.

<u>Hier is `n klompie foto`s wat ek gekry het.</u>



Die manne en Dame wat die Tak in Bloemfontein gaan verteenwoordig het.
Let asb op hoe mooi is die skoene skoongemaak. Trots op julle!

<u>OPENING en VLAG HYSING</u>










Hey!! Boela lê by die groot honne



Op die foto bo verskyn Johan Britz van NW saam met die President van SAGES, André Blom.

## AUGUSTA JOU LEKKER DING







Hierdie 2 putjies by die Augusta Gholfbaan, nommer 12 en 16, het al menige deelnemer aan die Masters geknou!!

**In die lig van Augusta maand het ek gedink dit sal van pas wees om die 2 fotos te plaas**

## Verjaarsdae in Mei/Upcoming Birthdays in May

***Hekkie Malan 1/5, Nina van Heerden 3/5, Johan van Dyk 5/5,***
***Danie van Vuuren 7/5, Pieter Louw 10/5, Louis Jansen 12/5, Gert de Beer 12/5,***
***Nico Roux 13/5, Louren Campher 15/5, Ampie Swanevelder 15/5,***
***Goggie van Heerden 24/5, Stephen Warrington 25/5***

*Hartlik geluk. Mag dit `n jaar vol vreugde en goeie gholf wees. Hearty congratulations. May it be a year full of joy and good golf.*

EK IS DUIDELIK OUD.

Iemand het nou die dag gevra: "Wat was jou gunsteling 'kitskos' toe jy grootgeword het?" "Ons het nie kitskos gehad toe ek grootgeword het nie," het ek hom meegedeel. "Al die kos was stadig."

"Kom, ernstig. Waar het jy geëet?" “Dit was 'n plek wat 'huis' genoem word," het ek verduidelik! "Mamma het elke dag gekook en as Pa van die werk af kom, het ons saam by die eetkamertafel gaan sit, en as ek nie gehou het van wat sy op my bord gesit het nie, is ek toegelaat om daar te sit totdat ek daarvan gehou het."

Teen hierdie tyd het die seun so hard gelag dat ek bang was dat hy ernstige interne skade sou opdoen, so, ek het hom nie die deel vertel oor hoe ek toestemming moes hê om die tafel te verlaat nie. Maar hier is 'n paar ander dinge wat ek hom oor my kinderjare sou vertel het as ek gedink het sy stelsel kon dit hanteer het:

Sommige ouers het NOOIT hul eie huis besit nie, nie jeans gedra, voete op 'n gholfbaan gesit, die land uitgereis of 'n kredietkaart gehad nie. My ouers het my nooit skool toe geneem nie. Ons het geloop. Sonder vrese. My pa het 'n fiets gehad wat waarskynlik 50 pond geweeg het, en het net een spoed (stadig) gehad. Werk toe gery daarmee.

Ons het nie 'n televisie in ons huis gehad totdat ek 20 was nie. Dit was natuurlik swart en wit, en die stasie het om 10 uur van die lug afgegaan, nadat die volkslied en epiloog gespeel is. Dit het omstreeks 6 uur weer op die lug gekom. En daar was gewoonlik 'n plaaslik vervaardigde nuus- en plaasprogram met plaaslike mense.

Pizzas is nie by ons huis afgelewer nie. Maar.. melk was. Alle koerante is deur seuns afgelewer en alle seuns het koerante afgelewer. My broer het sewe dae per week 'n koerant afgelewer. Hy moes elke oggend om 6 opstaan.

Filmsterre het gesoen met toe monde. Ten minste het hulle dit in die rolprente gedoen. Daar was geen fliekgraderings nie, want alle flieks is verantwoordelik vervaardig vir almal om te geniet, sonder vloektaal of geweld of byna enigiets aanstootliks.

As jy grootgeword het in 'n generasie voordat daar kitskos was, wil jy dalk sommige van hierdie herinneringe met jou kinders of kleinkinders deel. Moet my net nie kwalik neem as hulle 'n ingewandebreuk van die lag oorhou nie. Om groot te word is nie wat dit was nie, of hoe?

HERINNERINGE van 'n vriend:
My pa is besig om my ouma se huis skoon te maak (sy is in Desember oorlede) en hy het vir my 'n ou lemonadebottel gebring. Op die bottelnek was 'n prop met 'n klomp gaatjies in. Ek het dadelik geweet wat dit was, maar my dogter het geen idee gehad nie. Sy het gedink hulle het probeer om dit 'n soutskudder of iets te maak. Ek het dit geken as die bottel wat aan die einde van die strykplank gestaan het om klere mee klam te maak, want ons het nie stoomysters gehad nie.

Man, ek is oud. Hoeveel onthou jy?
Koplig-dipskakelaars op die vloer van die motor.
Ontstekingskakelaars op die paneelbord.
Broekbeenklemme vir fietse sonder kettingskerms.
Soldeerboute wat jy op 'n parafien brander verhit het.
Gebruik handseine vir motors sonder rigtingwysers.

Ouer as stof vasvra:
Tel almal wat jy onthou, nie dié waarvan jy vertel is nie.

Graderings onderaan 1.
Soet sigarette 2.
Koffiewinkels met juke bokse.
3. Aflewering van melk in glasbottels
4. Party of deellyne oor die telefoon.
5. Nuusrolle voor die fliek
6. Ertjiepit blaaspypies
7. Plate.. 78 en 33 rpm. 8. 45 rpm plate (Seven Singles)
9. Grammofone en Hi Fi’s 10. Metaal ysbakke met hefbome
11. Blou flitsgloeilamp 12.
Kurkprop guns

13. Wasmasjien met rollers.
14. TV-toetspatrone wat snags na die laaste vertoning aangekom het en daar was, totdat TV-programme soggens weer begin het. Daar was net 2 kanale, as jy gelukkig was.

As jy 0-3 onthou het = _Jy is nog jonk_ As jy 3-6 onthou het = _Jy word ouer_ As jy 7-10 onthou het = _Moenie jou ouderdom vertel nie_ As jy 11-14 onthou het = _Jy is positief oud._ Ek moet 'positief oud' wees, maar daardie herinneringe is van die beste dele van my lewe. Moenie vergeet om dit deur te gee nie! Veral vir almal waar julle regtig OU vriende is. Ek het so pas!

Dankie. Carl.

## NOORDWES SAGES JAARPROGRAM 2026

| **Datum** | | | |
|---|---|---|---|
| **JAN** | | | |
| **13** | MOOINOOI | **2 BALL ALLIANCE** | Ongelyke putjies-albei tellings. Gelyke putjies BB |
| **FEBR** | | | |
| **10** | POTCHEFSTROOM | **IPS** | ALGEMENE JAARVERGADERING |
| **24** | ORKNEY | **COMBINED IPS** | UITDAAGTOERNOOI VS NOORD VRYSTAAT-NFS |
| **MRT** | | | |
| **3** | LICHTENBURG | **IPS, MEDAL** | KLUBKAMPIOENSKAPPE |
| **16 - 20** | RANDPARK JHB | **IPS, MEDAL** | NASIONALE KAMPIOENSKAP |
| **APR** | | | |
| **13 & 14** | BLOEMFONTEIN | BB | SENTRALE STREEKSKAMPIOENSKAP - FS HOST |
| **28** | OPPENHEIMER | **BB** | 4HOEKIG. (FS, EFS, NFS EN NW)NFS HOST |
| **MEI** | | | |
| **12** | GOLDFIELDS | **IPS** | |
| **JUN** | | | |
| **9** | KLERKSDORP | **BB** | |
| **JUL** | | | |
| **14** | ORKNEY | **BB** | Combined scores on odd-/ BB on even holes CANSA |
| **AUG** | | | |
| **11** | VAAL DE GRACE | **IPS** | |
| **SEPT** | | | |
| **1** | PARYS GC | **BB** | HANNES BURKE - VAAL HOST |
| **15** | LANDBOU | **IPS** | |
| **OKT** | | | |
| **13** | GOLDFIELDS | **BB GEM. TEL.** | 5 CORNER. (JG, NW, SR, VAAL & WR.) NW HOST |
| **NOV** | | | |
| **2 - 6** | SWAKOPMUND | **BB & IPS** | NAMIBIA NATIONALS |
| **10** | RUSTENBURG | **BB** | |
| **DES** | | | |
| **8** | POTCHEFSTROOM | **IPS** | JAARAFSLUITING |

**VIERHOEKIGE TOERNOOI – WELKOM**

Te midde van duur brandstof pryse het 28 spelers ingeskryf vir hierdie kompetisie wat deur Noord Vrystaat aangebied word.
Maar heelaas het die reën die laaste sê gehad en is die kompetisie uitgestel tot 19 Mei.

**Leslie se "5 sent"**

Ons het onlangs die slegte tyding ontvang van die afsterwe van een van ons (wat daardie era onthou) "kinderhelde" Ruiter in Swart – (Danie van Rensburg). Met nostalgie het dit my weer teruggeneem na die dae van "Die Grensvegter", "Takoeza", "Kid Colt", Swart Luiperd", "Tessa", "Beau Brummel", "Die Wit Tier", "Saal 10", "Dr. Conrad Brand" en andere. Ure se pret! Baie van my maats se ouers het hierdie boekies belet in die huis, maar my Ma het dit toegelaat want sy het gereken ek lees darem ten minste die hoofletter opskrifte en die "wolk" gesprekke!




Ek lees ook graag Dana Snyman se boeke en het per abuis die volgende storie raak gelees (met die titel wat weer bg. boekies in my gedagtes opgebring het), wat opnuut die nostalgie laat herlewe het.

My eerste onthou in my kinderjare was die grootword in 'n baie klein dorpie genaamd Pofadder. Vir iemand wat in Pofadder sy begin jare deurgebring het, het hierdie storie baie aangename herinneringe en nostalgie in my laat herleef, en was dit iets waarmee ek my kon vereenselwig. Ek deel graag hierdie storie in die hoop dat dit (soos vir my), 'n glimlag op jou gesig sal bring.

Groete Leslie

**"Kaptein Duiwel" - Dana Snyman**

Vyftig myl voor Pofadder ruk die Hillman Vogue 'n paar keer, proes 'n slag en vrek. Pa haal hom uit rat uit en draai en draai die sleutel, maar hy is dood. "Wat nou, my hartjie?" vra Ouma. "Is dit die fênbelt?" Pa byt net op sy tande en swaai die Vogue tot op die gruis langs die teer, regoor die bordjie wat sê: Pofadder 50. Toe klim hy in die warm son uit en maak die enjinkap oop. Dit is Nuwejaarsdag en ons is vieruur vanoggend al op Daniëlskuil weg, op pad Pofadder toe vir oom Gertjie Niemoller se Nuwejaarsbraai. Ons ander klim ook uit: eers Ma wat voor sit, dan ek, Oupa en Ouma met haar kierietjie. Ons gaan staan langs Pa by die enjin. Ouma wys met haar kierietjie na die battery. "Is dit nie die fênbelt nie, hê?" "Nee, Mammie, dis nie die fênbelt nie." Oupa stap tot in die middel van die pad, sy hemp natgesweet tussen sy blaaie. "As die son jou vandag hier alleen kry, brand hy jou dood," sê hy en kyk met skrefiesoë oor die kaal vlakte rondom ons uit. Daar is nie 'n kar in sig nie, net stilte en klippe en telefoonpale en tolbosse wat in die warm wind rol. Pa skud sy kop en sê: "Ons sal maar moet wag vir hulp. Ek dink sy het bearings geslaat." 'n Halfuur tik verby op

die dashboard se horlosie. 'n Uur. Later begin Pa en Oupa bereken hoe lank sal ons kan oorleef op die water in die Hillman se radiator, terwyl ek begin huil en Ma vertel van die storie wat sy in 'n tydskrif gelees het van 'n vliegtuig wat in die Andesgebergte geval het met 'n klomp rugbyspelers in, en hoe hulle later die dooies begin eet het. “Wag, wag, hier kom nou iets.” Oupa beduie na 'n beweging in die verte. Eers lyk dit na 'n trein, maar dit word 'n tamaaie lorrie wat oor die vlakte aangebewe kom. En hy gewaar ons, want hy toet. Toe grom hy in 'n laer rat in en kom bewend en blasend langs ons tot stilstand. Die deur swaai oop. 'n Leë bottel val uit en breek op die teerpad. 'n Man in 'n wit stofjas kom agterna, wiegend op sy voete. “Jis, jis, howzit, dit smaak my julle het troubles! But don't fear when Kleingiel Stols is near -:... hulle noem my nie verniet die Kaptein Duiwel van De Aar nie.” Hy gaan peuter onder die enjinkap, stap om en draai die Hillman se sleutel maar niks gebeur nie. Ouma loer saam met hom oor die enjin. “Is dit nie die fênbelt nie, meneer?” “Klink vir my na die coil, my antie.” Hy kyk op sy horlosie. “En dis Nuwejaar. Jy sal nie nou 'n nugter mechanic kry nie. Ek sal julle moet insleep.” Pa kyk na Kaptein Duiwel, toe na die gebreekte bottel in die pad en toe die verte in. Hy knik. “Dit sal gaaf wees. Jy verongeluk ons net nie.” Kaptein Duiwel bring 'n dik tou en bind dit eers aan die lorrie se agterkant, toe aan die Hillman se stamper. Nie lank nie, toe pluk daai tou styf. En daar gaat ons, al agter die lorrie aan. “Stadig!” roep Pa en gryp die stuurwiel met albei hande vas. “Ha!” Maar die lorrie gee net 'n brul en spoeg 'n donker rookwolk onder sy maag uit. “Is die man van sy trollie af!” bulder Oupa. “Toet vir hom!” Pa lig sy hand om te toet, maar Kaptein Duiwel ruk die lorrie so vinnig oor die wit streep terug dat dit voel asof ons op die Big Dipper by die Randse Paasskou is. Ma kyk nie eens op nie, sy lees een van haar Mills & Boons-boekies. “Ek sê, toet vir die fool!” beveel Oupa weer. Pa toet, maar bokant die lorrie se gebrul kan niemand iets hoor nie. En die Hillman se speedometer staan klaar op 60 myl per uur. Toe opeens, kom iets van voor af deur die lug gevlieg. Dit val op die klippe langs die pad en spat in stukkies. “Dis 'n wynbottel!” roep Pa en gryp weer na die stuurwiel, want Kaptein Duiwel is al weer met ons aan die verkeerde kant van die pad. Langs my val Oupa weg met 'n Psalm: “Die duis-ter-nis ver-skrik ons nie, ons vree-hees nie vir die na-haag ...” Later word die toring 'n dorp met peperbome en huise, 'n winkel en 'n garage. Maar die Hillman se speedometer bly botstil op 60 myl per uur staan. Pa lê op die toeter, maar die vragmotor sug weer net een van daai donker wolke uit. En beur met ons vorentoe. By die winkel en die garage en oom Gertjie-hulle se huis verby, by die hele Pofadder verby, met Oupa wat halflyf by die venster uithang en roep: “Help! He-help!” “Ons sal iets moet doen,” sê Pa. “Hierdie fool gaan met ons in ons malle maai in ry - as hy ons nie dood verongeluk nie.” Agter ons word Pofadder al hoe kleiner en die vlakte al hoe groter. Pa vat die Hillman se stuurwiel stywer vas en frons sy dinkfrons. “Julle moet nou vashou, ek gaan ons ontset.” “Wat beteken ontset, Pa?” vra ek. Maar Pa luister nie, sy oë is op die lorrie voor ons. Toe kom hy so halfregop agter die Hillman se stuurwiel. En lig sy linkervoet. Toe trap hy die briek tot teen die vloer. Die Hillman steek in die middel van die pad vas en kraak. Daai dik tou rek en rek - en breek. Toe, amper asof ons sonder die Hillman agter Kaptein Duiwel se lorrie wil aangaan, skiet ons vorentoe. Oupa se hoed spring van sy kop af en Ouma se handsak trek verby Pa se kop tot teen die voorruit. Ek voel hoe ek tussen die voorste twee sitplekke deurskuif en hoe my kop teen die dashboard stamp. “Is dit nie die fênbelt nie, my hartjie? Is dit nie die fênbelt nie?” hoor ek vaagweg my ouma se stem.

OMDAT DAAR GEEN KOMPETISIE HIERDIE MAAND GESPEEL WAS WAAR DIE TELLINGS VIR DIE MERIETELYS IN AANMERKING KON KOM NIE, BLY DIE MERIETELYS ONVERANDERD SOOS VERLEDE MAAND.